HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 88 van 2026

06 Augustus 2026

Geagte Ouer / Voog

Ons is baie opgewonde om op **Saterdag, 5 September 2026**, ons **Pa-en- Seun-dag** by Hoërskool Randburg aan te bied. Ons sien daarna uit om ons pa's en seuns die geleentheid te gee om 'n dag saam deur te bring, lekker te kuier en nuwe herinneringe te skep.

Die koste vir die dag beloop **R100 per persoon** en kaartjies kan op **D6** aangekoop word.

Ons beplan 'n dag vol pret en lekker aktiwiteite. Een van die hoogtepunte sal ons **potjiekompetisie** wees. Spanne kan uit **vier tot tien persone** bestaan. Elke span sal vir die aankoop van hul eie bestanddele verantwoordelik wees. Die skool sal **drombraaiers** beskikbaar stel, maar ouers is ook welkom om hul eie gasbraaier saam te bring.

Daar sal deur die dag verskeie **kompetisies tussen pa's en seuns** wees, waar ons kan kyk wie die beste span is! Ons wil graag hê dat almal die geleentheid moet gebruik om saam te kuier, deel te neem en sommer net die dag saam met hul seuns te geniet.

Later die aand gaan ons die dag op 'n hoogtepunt afsluit wanneer ons die **Springbokke teen die *All Blacks*** op die **grootskerm** kyk.

**Verantwoordelike gebruik van alkohol**

Ons vertrou dat alle ouers en volwassenes alkohol **verantwoordelik en met omsigtigheid** sal geniet. Die veiligheid en welstand van al ons **leerders, ouers en gaste bly ons hoogste prioriteit**.

Ons vra daarom dat almal verantwoordelik optree en te alle tye van die feit dat hierdie 'n skoolgeleentheid waar ons leerders en gesinne teenwoordig is, bewus sal wees. **Daar sal geen alkoholiese verversings by die skool verkoop word nie.**

**Hoërskool Randburg behou die reg voor om enige persoon wat nie by die reëls en gedragsriglyne van die geleentheid hou nie, toegang tot die terrein te weier of van die terrein te verwyder.** Ons sekuriteitspersoneel sal, waar nodig, optree om die veiligheid van almal te verseker.

Ons sien baie uit daarna om hierdie spesiale **Pa-en-Seun-dag** saam met ons Randjie-familie te vier. Kom maak tyd vir mekaar, geniet die kompetisies, kuier saam en skep kosbare herinneringe!

**Ons sien uit daarna om julle op 5 September 2026 te verwelkom.**

Vriendelike groete,

M. van Niekerk
Organiseerder

P. Booysen
Skoolhoof